Hans Strijdom

Hans Strijdom was die **premier** van Suid-Afrika tussen 1954 en 1958. Sy bynaam onder sommige mense was die "Leeu van Noorde", 'n naam wat sy hoë **aansien** onder hulle aandui.

Soos ander Nasionale Party (NP)-leiers is sy nalatenskap goed én sleg. Aan die een kant het hy die NP deur moeilike jare gedra en die droom van 'n **republiek** lewendig gehou. Aan die ander kant het hy en sy party **apartheid** al hoe meer **onverbiddelik** toegepas.

Grootwordjare

Johannes Gerhardus (Hans) Strijdom is op 14 Julie 1893 in die distrik Willowmore gebore. [1] Dit was in daardie stadium in die Brits-beheerde Kaapkolonie. [2]

Hy was die tweede kind van tien van Petrus Gerhardus Strijdom en Ellen Elizabeth Nortier.

Strijdom het op die platteland grootgeword, en sy eerste skool was 'n **plaasskool**. Hy het in 1909 aan die Hoërskool Franschhoek gematrikuleer. Hierdie skool se sterk **vaderlandse** gees het Strijdom op hoërskool al **besiel**. [3]

Studentejare

Strijdom wou landbou studeer, maar daar was by Victoria Kollege (tans die Universiteit Stellenbosch) geen kursus vir **landbouwetenskap** nie. Hy het toe besluit om eerder tale te studeer.

Strijdom was 'n aktiewe student. Hy was 'n geesdriftige rugby- en tennisspeler. Hy was ook lid van die **debatsvereniging** en **filosofievereniging**.

Sy vaderlandsliefde het in die jare in Stellenbosch nóg dieper geword. Hy was lid van die Afrikaanse Taalvereniging, en het reeds daar vir Afrikaans en Afrikanerbelange geveg. Dit was deels 'n reaksie teen die verengelsingsbeleid ná

die Anglo-Boereoorlog (1899-1902).

Strijdom was ’n skitterende student en het in 1912 sy graad voltooi. Hy was maar 18 jaar oud. [1]

Vroeë werksjare en die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)

Omdat hy akademies uitgeblink het, was dit ’n verrassing toe Strijdom ná universiteit saam met sy familie op Willowmore met volstruise gaan boer het. Dit het egter nie lank gehou nie, want die **mark** vir volstruisvere het in 1914 **in duie gestort**. Strijdom het toe na Pretoria verhuis en ’n pos in die **staatsdiens** aanvaar. [1]

Strijdom het **deernis** met die deelnemers aan die Rebellie van 1914 gehad. Hy het egter gevoel dat sy plig was om die regering te ondersteun.

Hy is **opgekommandeer**, maar hy wou nie veg nie, en het gevra dat hy deel word van die ambulansafdeling. Gedurende hierdie tyd het ook ’n **veldtog** teen Duitsland in Suidwes-Afrika (tans Namibië) meegemaak.

In 1916 het hy na Pretoria teruggekeer. Hy het hom nou beywer om ’n regsgeleerde te word. Hy het sy leertyd as **klerk** by ’n **prokureur**sfirma gedoen. Terselfdertyd het hy deeltyds regte by die Transvaalse Universiteitskollege (tans die Universiteit van Pretoria) studeer. [1]

Hy het hierdie graad in 1917 verwerf. [1] In Januarie 1918 is hy tot die **balie** toegelaat en kon die titel “advokaat” voor sy naam skryf. Tog het hy nooit as advokaat opgetree nie, maar as prokureur gepraktiseer. [3]

Nylstroom

Adv. Strijdom het besluit om ’n klein **regspraktyk** in Nylstroom (vandag Modimolle) te stig. [1] In 1918 het hy by die Nasionale Party (NP), ’n nuwe politieke

party van **generaal** J.B.M. Hertzog, aangesluit. [4] Strijdom is gou binne die NP se Waterberg-tak **bevorder**. [1]

Strijdom het hom steeds vir die waardige behandeling van Afrikaans beywer. Suid-Afrika se **grondwet** het Afrikaans en Engels gelykgestel. Dit is egter nie so in die **praktyk** toegepas nie.

Strijdom het dus besluit om ’n Afrikaanse **titelakte** op te stel. Toe hy dit inhandig, het die **Registrateur** geweier om dit te aanvaar. Eers toe Strijdom hom dreig dat hy hom hof toe sou vat omdat hy die Grondwet oortree het, het hy dit aanvaar. Dit het hierna gou algemene praktyk geword om regsdokumente in Afrikaans op te stel. [2]

Strijdom se regspraktyk het ná ’n paar moeilike jare **floreer**. Hy het vir hom plase gekoop op die Springbokvlakte (in vandag se Limpopo) en naby Warmbad (vandag Bela-Bela).

As boer het hy ook ’n leier in die gemeenskap geword. Hy was tussen 1923 en 1929 die **president** van die Waterbergse Landbougenootskap. [3]

Volksraad

Strijdom is in 1929 tot lid van die Volksraad (LV) vir die Waterberg verkies. [2] Hy het hierdie **setel ononderbroke** tot sy dood gehou. [3] Dit was duidelik dat Strijdom uiters gewild onder die mense in sy eie gemeenskap was. [2]

Strijdom was diep **nasionalisties** en deel van die republikeinse **vleuel** van die NP. Hy het geglo dat Suid-Afrika op die lange duur hul bande met Brittanje moes breek en ’n republiek word. [1]

J.B.M. Hertzog

Samesmelting

In 1934 het die Suid-Afrikaanse Party (SAP) van Jan Smuts, die eerste minister en leier van die SAP, en Hertzog se NP **saamgesmelt**. Hulle het die nuwe Verenigde Party (VP) – ook die "Smelters" genoem – gevorm. [5]

Strijdom was skerp hierteen gekant. [1] Hy het gevoel dat dié twee partye probeer het om twee **onversoenbare beginsels** te versoen: die NP was republikeins en die SAP wou met die Britte saamwerk. [2]

In reaksie tot die samesmelting het dr. D.F. Malan, die leier van die NP in die Kaap, weggebreek en die Gesuiwerde Nasionale Party (GNP) – in die volksmond die "Gesuiwerdes" genoem – gestig. [3] Al was Strijdom 'n **lojale** volgeling van Hertzog kon hy ook nie samesmelting aanvaar nie. [6] Hy het dus by Malan aangesluit.

Van die 19 Nasionale Party LV's in die Transvaal was hy die enigste een wat vir Malan gevolg het. [3]

Gesuiwerde Nasionale Party

Strydom word leier

Strijdom was die mees **prominente** NP-lid in die Transvaal wat nie saamgesmelt het nie. [2] Hy het dus in 1936 die Transvaalse leier van die GNP, of net NP, soos wat hulle maar meestal genoem is, geword. Hy het daarmee saam lid van die hoofbestuur van die NP geword. [1]

Hy was net 40 jaar oud, en tot op daardie stadium was hy 'n redelik onbekende **agterbanker**.

Dit het maar sleg gelyk vir die NP in Transvaal. Meeste van hul lede het by die VP aangesluit. Die media was teen hulle, en hulle het nie fondse gehad om die party op te bou nie.

Nietemin was dit presies wat Strijdom moes doen. [1]

Leier van die Transvaalse NP

Strijdom het ongelooflik hard gewerk en sy party met wilskrag, **ywer** en **toewyding** gelei. [1]

Dit was worsteljare. Afrikaners het oorweldigend die VP ondersteun. In die verkiesing van 1938 was Strijdom steeds die enigste NP-LV in Transvaal. [3] Hy het boonop net-net gewen. [2]

Strijdom het deurgedruk. Hy het honderde vergaderings dwarsoor die provinsie gehou. [7] Dit was soms met beperkte sukses: by sommige van sy toesprake het daar minder as 10 mense opgedaag! [2] Tog, daardie mense wat wel daar was, is egter deur hom besiel: hy was ’n uitstekende spreker en sy toesprake was **vlot** en **logies** en is met vuur en geesdrif gelewer. [3]

Hy het die getal NP-takke in die Transvaal vermeerder en geld vir fondse ingesamel om die party te help groei.

Strijdom het sy vurige Afrikanernasionalisme wyd verkondig. Hy het ook sy droom om Suid-Afrika ’n republiek te maak, as beginsel in die NP se grondwet laat inskryf.

Strijdom het voorgestel dat die NP ’n **mondstuk** moes vind om hul boodskap uit te dra. Dit het uitgeloop op die stigting van *Die Transvaler* in 1937. Hendrik Verwoerd, die latere eerste minister en president, was die eerste **redakteur**, terwyl Strijdom **voorsitter** van die **direksie** was. Hierdie twee het gou ’n gedugte span gemaak. [3]

Dit was in hierdie tyd dat Strijdom die bynaam “Leeu van die Noorde” [7] of “Leeu van die Waterberg” gekry het. [2]

Tweede Wêreldoorlog (1939-1945)

Die kwessie van Suid-Afrika se betrokkenheid in die Tweede Wêreldoorlog het die samewerking tussen Hertzog en Smuts beëindig. Strijdom, soos Hertzog, was teen Suid-Afrikaanse betrokkenheid gekant. Dit was geensins omdat hy ’n aanhanger van Adolf Hitler en die **Nazi-party** was nie. Hy was inderdaad teen **anti–Semitisme** gekant. Dit was eerder omdat hy nie in ’n oorlog saam met Brittanje wou betrokke raak nie. [3]

Hertzog se volgelinge het weer by die NP aangesluit, en die Herenigde Nasionale Party (HNP) – maar steeds die NP genoem – is gevorm. [2]

Jan Smuts

Die HNP ná 1939

Strijdom en J.C.G. Kemp was die medeleiers van die NP in Transvaal.

Strijdom het gehelp om die NP te suiwer. Hy het daarop aangedring dat mense wat by die NP wou aansluit, hul beleid móés onderskryf. Lede van die **Nuwe Orde** van Oswald Pirow en die **Ossewabrandwag** is dus uit die party gesit. Dit het die NP se getalle verswak en hulle het selfs ná die hereniging net ses NP-LV’s oorgehad. [3]

Strijdom was gou **naas** Malan die belangrikste leier in die Nasionale Party.

Hy het só hard gewerk, dat hy van soms van uitputting in die bed moes bly. [2]

Teen die 1943-verkiesing was die NP aan die groei. Hulle het 11 Transvaalse Volksraadsetels gewen. [2]

Ná Kemp se dood op 31 Desember 1946 was Strijdom die enigste NP-leier in Transvaal. [8]

Ná die oorlog

Daar was spanning tussen Strijdom en Malan oor die republikeinse ideaal. Strijdom wou harder daarvoor werk, terwyl Malan geglo het dit sou die Afrikaners verdeel en moes eerder gelos word. [2]

In die jare ná die oorlog het Afrikanernasionalisme herleef, en daar was groeiende eenheid onder Afrikaners.

In 1947 het die party besluit om met die Afrikanerparty (sommige van Hertzog se ou ondersteuners) saam te werk. Strijdom was teen die **verkiesingsooreenkoms** tussen die twee partye gekant, maar dit is toe wel goedgekeur. [3]

D.F. Malan

Oorwinning van 1948

Die NP se oorwinning in die verkiesing van 1939 was ’n verrassing vir almal. [3]

Dit was die **kroon** op Strijdom se jare lange ywer. Die Transvaalse NP het in 10 jaar van 1 setel na die grootste politieke party in die provinsie gegaan. Die groei van die NP in Transvaal was grootliks aan Strijdom se standvastigheid, harde werk en leiding te danke. [2]

Minister

Strijdom het die minister van lande en besproeiing geword. [3]

Dit was eintlik ’n minder belangrike **portefeulje** vir iemand van Strijdom se **statuur**. [3] Hy het egter gevra daarvoor, sodat hy ook op sy pligte as Transvaalse leier kon fokus. [2]

In die Volksraadverkiesing van 1953 het die NP al 23 die plattelandse kiesafdelings gewen. Die NP was besig om **van krag tot krag** te gaan. [3]

Nasionale leier van die NP

Ná Malan se aftrede is Strijdom in 1954 **eenparig** as hoofleier van die NP verkies. Dit was teen die wil van Malan, wat ’n ander **kandidaat** verkies het.

Strijdom het nie eens ’n **verkiesingsveldtog** gehad nie. Hy was inderdaad kort voor die verkiesing op ’n uitgebreide toer deur Europa. Dit bewys hoe gewild hy was. [2]

Premier, 1954-1958

Op 61-jarige ouderdom was Strijdom die premier (ook genoem eerste minister) van Suid-Afrika. [3]

Strijdom se oorwinning was ook een vir die meer **radikale faksie** van die Transvaal oor die meer gematigde faksie van die Kaap. [6]

Strijdom het ’n **kortstondige** premierskap gehad. Hy het ook deurentyd gesukkel met die **kwaal** wat hom uiteindelik sou doodmaak. [1]

Beleid as premier

As premier was Strijdom **bestendig** en het met **oorleg** gelei.

Stemreg vir wit mense is tot 18 jaar verlaag. Die ekonomie het vooruitgegaan. [3]

Republiekwording

Oor hierdie kwessie het Strijdom matigheid gewys. Hy het aangekondig dat dit nie op mense afgedwing sou word nie, en dat Engelssprekende Suid-Afrikaners se regte gerespekteer sou word. [3] Hy het beloof dat die NP net met republiekwording sou voortgaan as dit in die **breë volkswil** was. [2] Suid-Afrika het dus nie in Strijdom se tyd ’n republiek geword nie, maar eers in die regeringsjare

van Verwoerd, wat hom opgevolg het.

Rassebeleid

Strijdom het geglo aan “wit baasskap”: wit mense moes Suid-Afrika regeer. [2] Hy het ook geglo aan totale gebiedskeiding en afsonderlike ontwikkeling. [3]

Hy wou bruin mense se stemreg van die **gemeenskaplike kieserslyste** verwyder. Hul stemreg was egter in die Grondwet **verskans**.

Strijdom het dus die getal regters in die **appèlhof** van 5 tot 11 vermeerder. Hy het die parlement vergroot en die setels aan NP-ondersteuners gegee. Nou het hulle die tweederdemeerderheid gehad om die Grondwet te verander. [3]

Bruin mense is dus op aparte kieserslyste geplaas, en kon ’n wit verteenwoordiger kies om hulle in die regering te verteenwoordig. [2]

Wat Strijdom gedoen het, was wettig, [2] maar dit het baie **kritiek ontlok**. Baie mense het gevoel dat hierdie optrede aan **outokrasie** gegrens het. [3]

Weerstand teen sy rassebeleid

Tydens sy regeringstyd was daar groeiende **verset** teen die NP se rassebeleid. ’n Volkskongres is in 1955 in Kliptown gehou, waarna die Vryheidsmanifes verskyn het. Dit het gelei tot sterk reaksie van die polisie waartydens duisende mense in hegtenis geneem en **verban** is. Die **Hoogverraadsaak van 1956** het ’n aanvang geneem. [7]

Paswetgewing is in 1956 na swart vroue uitgebrei. Dit het gelei tot die beroemde vroue-optog van 1956, [2] waartydens die bekende lied: “Strijdom, tref ’n vrou, tref ’n **maalklip**” gesing is. [9]

Nasionale simbole

Al is republiekwording uitgestel, het Suid-Afrika begin wegbeweeg van sy bande met Brittanje:

- Die Unievlag is in 1957 tot die enigste landsvlag verhef, wat beteken die Union Jack is nie meer gehys nie. [2]
- “Die Stem” (met ’n Engelse weergawe) was die enigste volkslied. [3]
- Die appèlhof is tot die hoogste hof bevorder, en mense kon nie meer na die **Britse Geheime Raad** appelleer nie. [2]
- Die Suid-Afrikaanse vloot het Simonstad by die Britte oorgeneem. [3]

Strijdom, Malan en Sauer

Siekte en tweede termyn

In November 1957 het Strijdom begin siek word. [3]

In die 1958-verkiesing het die NP sy grootse oorwinning tot op daardie stadium behaal. Die NP het meer stemme as al die ander partye saam gekry: 103 uit 156 setels in die Volksraad. [2]

Tydens die eerste Volksraadsessie ná die verkiesing was Strijdom weer op sy pos. Dit was egter ook waar hy sy laaste toespraak gemaak het. [3]

Dood

Strijdom het weer siek geword en is in Kaapstad in die hospitaal opgeneem. [3] Hy het op 24 Augustus 1958 aan ’n hartaanval gesterf. [2]

Sy roudiens is in die Groote Kerk in Kaapstad gehou. Sy liggaam is daarna per trein na Pretoria geneem. Daar was ’n roudiens by die Uniegebou gehou wat deur om en by 10 000 mense bygewoon is.

Strijdom is in die Heldeakker in Pretoria ter ruste gelê. [3]

Persoonlike lewe

Strijdom was diep godsdienstig. [3]

Hy was twee keer getroud. Sy eerste huwelik was ná ’n **blitsromanse** met Margaretha van Hulsteijn. [2] Sy was ’n bekende aktrise met die verhoognaam Marda Vanne. Die huwelik was van korte duur en hulle het geskei. [3]

In 1931 het hy met Susanna de Klerk, ’n musiekonderwyseres en dogter van ’n politikus, getrou. Sy het ook in politiek belang gestel. Sy het meermale namens hom toesprake gehou. Hulle het twee kinders gehad. [3]

Susanna Strijdom

Evaluasie

Strijdom se vrou het hom beskryf as “**idealistiese** volksmens, lief vir die skone, die kunste, maar veral vir musiek. Hy was lief vir **tradisie**… in sy huis net soos in sy politieke lewe”. [10]

Hy was goedgeaard, vol liefde en bekend vir sy eerlikheid. Hy was ook baie nederig – ten spyte van die feit dat hy in 1952 ‘n doktorsgraad in Publieke Administrasie by die Universiteit van Pretoria ontvang het, het hy geweier om as doktor aangespreek te word.

Aan die ander kant het hy minder goeie eienskappe gehad: hy was te **waaksaam** en **onbuigsaam**, en het soms dinge **oorvereenvoudig**. [3]

Strijdom was nie iemand wat van jongs af gedroom het oor politiek nie. Dit was eers ná sy boerdery misluk het, dat hy gaan regte studeer het, en dit was eers toe hy in Nylstroom was, dat hy in die politiek betrokke geraak het.

Hy was wel van vroegs af polities ingestel. Hy was passievol oor die regte van Afrikaans. [2]

Hy het ’n **sleutelrol** in die voortbestaan van die NP in die Transvaal deur die worsteljare van die 1920’s en 1930’s gespeel. Sy welslae was te danke aan sy sterk wil en eerlikheid. Hy het besef dat ’n **beleid** net sou slaag as dit die volkswil was en prakties uitgevoer kon word.

As leier van die NP het hy die idee van republiekwording lewendig gehou. Daarom staan hy soms as die **argitek** van die Republiek van Suid-Afrika bekend. [3]

Susanna Strijdom op haar man se begrafnis

Woordbank

aansien	Hoë rang/stand.
agterbanker	’n Parlementslid wat minder belangrik of junior is.
anti–Semitisme	Om Joodse mense te haat.
apartheid	Amptelike, rassistiese beleid van die Nasionale Party-regering (1948-1994) waarvolgens Suid-Afrikaners in rassegroepe geskei is.
appèlhof	As jy skuldig bevind word, is hierdie die hof wat jy vra om weer oor jou uitspraak te besluit.
argitek	Die ontwerper van iets.
balie	Versamelnaam vir alle advokate; wanneer iemand tot die balie toegelaat word, word hy toegelaat om as advokaat te praktiseer.
beginsels	Reëls, riglyne.
beleid	Plan/program/wet vir die bestuur van ’n party.
besiel	Iemand vol moed/geesdrif maak.
bestendig	Iemand wat standvastig is en nie te veel verander nie.
bevorder	Aan iemand ’n beter werk of hoër rang gee.
blitsromanse	’n Liefdesverhouding wat baie vinnig ontwikkel.

breë volkswil	Iets wat deur ’n groot deel van ’n volk ondersteun word, nie net deur ’n paar mense nie.
Britse Geheime Raad	Die Britse appèlhof, met ander woorde die laaste hof wat jy kon vra om weer oor jou uitspraak te besluit indien jy skuldig bevind is aan iets.
debatsvereniging	Kultuurvereniging wat baie tyd aan debatte, oftewel gesprekke van die voor- en nadele van ’n saak, bestee.
deernis	Om jammer te voel oor iemand anders se swaarkry; diep meegevoel en empatie.
direksie	Groep persone wat ’n maatskappy of saak bestuur.
eenparig	’n Besluit waar al die mense wat betrokke is, met mekaar saamstem.
filosofievereniging	Kultuurvereniging wat baie tyd aan debatte, oftewel gesprekke van die voor- en nadele van ’n saak, bestee.
floreer	Vooruitgaan, welvarend word, voorspoedig wees, groei, uitbrei, ontwikkel.
gemeenskaplike kieserslys	Die lys waarop elke mens in die land is wat mag stem.
generaal	Iemand wat die hoogste of tweede hoogste rang onder ’n kommandant-generaal of ’n veldmaarskalk het; veldheer; strateeg.
grondwet	Die reëls wat bepaal hoe ’n staat of organisasie regeer word, hoe magte verdeel word en watter regte burgers besit.
Hoogverraadsaak van 1956	Hofsaak waarin 156 politieke teenstanders van die NP-regering, insluitend Nelson Mandela, van hoogverraad aangekla is. Almal is onskuldig bevind.
idealistiese	Iemand wat hoë standaarde het en dit probeer uitleef.
in duie gestort	Misluk, of tot ’n einde kom.
kandidaat	Iemand wat hom- of haarself beskikbaar stel vir ’n verkiesing tot ’n posisie in die openbare lewe, soos byvoorbeeld die posisie van ’n politikus.
klerk	Iemand wat in ’n kantoorwerk; assistent.
kortstondige	Wanneer iets nie baie lank hou nie.

kritiek	Beoordeling van die waarde van iets/iemand, veral deur te sê wat jy dink minder goed is.
kroon	Gesien as ’n beloning.
kwaal	’n Siekte wat gewoonlik terugkom.
landbouwetenskap	Die studie van landbou en hoe dit werk.
logies	Sinvol, verstaanbaar.
lojale	Getrou aan iemand/’n beginsel/’n belofte/’n regering of volk; opreg.
maalklip	’n Klip wat bietjie uitgehol is, waarop mens graan of mielies met ’n ander klip maal.
mark	Die handel van ’n sekere produk.
mondstuk	Iets soos ’n koerant wat namens ’n groep “praat”.
naas	Langs, sy aan sy.
nasionalisties	Mense van ’n sekere groep wat hul eie belange wil bevorder.
Nazi-party	Party van Duitse nasionaal-sosialiste, veral volgelinge van Hitler voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog.
Nuwe Orde	Politieke party in die 1940’s wat republiek wou stig op Nasionaal-sosialistiese beginsels.
onbuigsaam	Iemand wat nie maklik verander nie.
ononderbroke	Sonder om te stop; aanhoudend.
ontlok	Veroorsaak, teweegbring.
onverbiddelik	Streng, wreed of vasbeslote; wat nie tot ander insigte gebring kan word nie.
onversoenbare	Wat so hewig van mekaar verskil dat hulle glad nie ’n ooreenkoms kan bereik nie.
oorleg	Om goed oor iets na te dink voor jy optree.
oorvereenvoudig	Om te maak of iets wat ingewikkeld is, nie so ingewikkeld is nie.
opgekommandeer	Wanneer iemand/mense vir militêre diens opgeroep of beveel word om aan te sluit of iets te doen, sê mens hy/hulle word opgekommandeer.

Ossewabrandwag	Afrikanernasionalistiese organisasie met sterk bande met nasionaal-sosialisme, gestig in Bloemfontein op 4 Februarie 1939. Die organisasie was sterk gekant teen Suid-Afrikaanse deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, en het Nazi-Duitsland ondersteun.
outokrasie	Om alleen met onbeperkte mag te regeer.
Paswetgewing	Wette wat mense gedwing het om passe te dra, oftewel dokumente wat aandui waar iemand mag en nie mag wees nie.
plaasskool	Skool wat formele onderrig aan kinders van ’n plaasgemeenskap bied; tot in die 1960’s was daar nog baie plaasskole op die platteland waar kinders wat op plase gebly het, skoolgegaan het.
portefeulje	’n Afdeling van die staatsdiens wat ’n minister bestuur, soos opvoeding of polisie.
praktyk	Hoe iets in die werklikheid is.
premier	Hoof van die regering van ’n Suid-Afrikaanse provinsie; eerste minister.
president	In hierdie geval ’n voorsitter.
prokureur	Iemand wat (in die) regte gestudeer het en wie se werk dit is om aan mense wette te verduidelik, formele ooreenkomste op te stel en kliënte in die hof te verteenwoordig.
prominente	Bekend, beroemd; belangrik; uitstekend.
radikale faksie	’n Groep mense wat binne ’n groter organisasie hul eie belange wil bevorder – in hierdie geval ’n sterker vorm van Afrikanernasionalisme en rasseskeiding.
redakteur	Iemand wat rigting gee en toesig hou oor die beleid van ’n publikasie.
Registrateur	’n Amptenaar wat sake in die regering se amptelike register opteken.
regspraktyk	Die kantoor of sakeonderneming van ’n advokaat of prokureur wat mense met regskwessies help.
republiek	’n Regeringsvorm waarby die oppergesag berus by stemgeregtigde burgers.

republiekwording	Om totaal onafhanklik te word van ’n ander land, in hierdie geval alle Britse invloed uit Suid-Afrika te verwyder.
saamgesmelt	Uit twee of meer sake ’n enkele saak vorm.
setel	’n Gebied (en die mense wat daar woon) wat deur iemand in die parlement verteenwoordig word.
sleutelrol	’n Baie belangrike rol in ’n saak te speel.
staatsdiens	Die gesamentlike departemente wat die administrasie van ’n staat behartig.
statuur	Reputasie, belangrikheid en waarde.
titelakte	’n Dokument wat aantoon wie die eienaar van ’n eiendom is.
toewyding	Om ’n taak met oorgawe aan te pak, dit so goed as moontlik te doen.
tradisie	Oorgelewerde sedes, gewoontes, kultuurwaardes van ’n volk.
vaderlandse	Met liefde vir jou land en sy mense.
van krag tot krag	Om meer suksesvol of invloedryk te word.
veldtog	’n Georganiseerde optrede teen iets.
verban	Verplig om ’n land/plek vir goed te verlaat; in ballingskap ’n land uitstuur; uitstoot; verdryf.
verkiesingsooreenkoms	Wanneer twee politieke partye besluit om saam te werk om ’n verkiesing te wen; koalisie.
verkiesingsveldtog	’n Veldtog wat iemand organiseer om mense te oortuig om in ’n verkiesing vir hulle te stem.
verset	Weerstand/teenstand/opstand teen.
verskans	Wanneer iets deur die Grondwet beskerm word. Dit beteken ’n tweederdemeerderheid van die parlement moes saamstem om daardie stemreg uit die Grondwet te verwyder.
vleuel	Afdeling van ’n groter groep op party.
vlot	Sonder haakplek, vloeiend, moeiteloos.
voorsitter	Die leier van ’n organisasie.

waaksaam	Om baie versigtig en noulettend iets dop te hou om seker maak dat ’n saak reg verloop.
ywer	Werklus, met geesdrif werk.

Lees hierdie artikels om nog meer te leer oor J.G. Strijdom

- **Wat was apartheid?**
- **Leer meer oor die Nasionale Party**
- **Wie was J.G. Strijdom? (Volledige inligting)**
- **Lekker opsomming in Afrikaans oor J.G. Strijdom asook foto’s van sy huis in Modimolle wat later vervalle geraak het. Historiese erfenisstukke is verwyder en word tans by die Voortrekkermonument in Pretoria bewaar.**

Kyk hierdie video’s oor J.G. Strijdom

’n Kort biografie oor J.G. Strijdom

Die loopbaan van die “Leeu van die Noorde”

Apartheidswette

1956-vroue-optog en die sing van “Wathint’ abafazi, wathint’ imbokodo” (In Afrikaans: “Tref ’n vrou, tref ’n maalklip”; in Engels: “You Strike a Woman, You Strike a Rock”)

Die geskiedenis en betekenis van die Suid-Afrikaanse vlag